



Jrg. 7 Kaapstad, Woensdag, 22 September 1948 No. 44

## Huidige Demokrasie 'n Leë Woord

Dit is waar dat nazisme heidens is en kommunisme kettters, maar dit wil nie sê dat demokrasie soos dit vandag verstaan word, Christelik is nie, het eerw. J. McDowall, moderator van die Presbiteriaanse Kerk, in Pretoria verklaar.

Om kommunisme die opvolger van nazisme te bestempel as die sondebok vir al die probleme van ons tyd, is ideologiese denke. Dit is nie die behandeling van die vraagstuk op sy meriete nie.

„Geloof in 'n onwedergebore demokrasie is moeilik te regverdig deur die feite. Die de-

mokrasie openbaar 'n weersinwekkende geestestoestand van selftevreedenheid wat moeilik geregtig kan word in die tydsomstandighede waarin ons lewe.

„Sonder 'n lewende Christelikeheid in sy hart is demokrasie weinig beter as net 'n naam.”

## Sametrekking Groot Sukses

Die O.B.-sametrekking te Belfast verlede Saterdag was 'n groot sukses en tussen 700 en 800 Afrikaners het die verrigtinge bygewoon. 'n Groot aantal lede van die Afrikaner Party was ook aanwesig.

Die verrigtinge het onder bevel van hfgentl. P. de W. Wiid gestaan en as sprekers het opgetree genl. John Vorster, genl. J. F. Marais en mnr. Hendrik van Blerk. Al drie sprekers was gedurende die oorlog in die tronk of interneringskamp.

Die K.G. kon weens ongesteldheid nie aanwesig wees nie. 'n Volledige berig sal a.s. week verskyn.

# DOKUMENTE VOL KAF, DOG KAMPE VOL MENSE

'n Erkenning dat baie van die inligting wat die Militêre Inligtingsdiens gedurende die oorlog ingewin het toe hulle op Afrikaners moes spioeneer „kafpraatjies, belaglike en geklike onsin” was en dat die inligtingsdiens die spioenasie „op hul eie manier gedoen het,” is die afgelope week deur veldm. Smuts gedoen toe hy sy oorlogsdade wou goed praat na aanleiding van die aanklagte wat die regering teen hom en sy makkers inbring het.

Nuwe bewyse dat die Smuts-regering van die geheime staatsdokumente verbrand het en dat daar opdrag in die verband gegee was, is deur die Minister

van Verdediging in die volksraad voorgelees. Hy het aangehaal uit 'n brief van die Adjunkdirekteur van Militêre Inligting wat hy aan iemand geskryf het: „Die groot vraagstuk is dat ons Dinge het wat werklik politieke dinamiet is en tensy reëlings getref kan word, sal ons dit moet vernietig.” Die brief lui voorts dat dit 'n mooi, groot vuur sal maak. En gedurende 1946, so het die Minister verklaar, het hierdie vure dwarsdeur die land plaasgevind.

Dit is opvallend dat hierdie verbranding geskied het net nadat die vervolgte persone uit die interneringskampe losgelaat is. Dit is dus hoogs waarskynlik dat hierdie dokumente wat „belaglike onsin” bevat het die dokumente was wat betrekking gehad het op die internering van honderde onskuldige persone.

## Witbrood In November

Die witbrood wat die Minister van Landbou in die volksraad in die vooruitsig gestel het, sal waarskynlik teen November beskikbaar wees, volgens 'n verklaring van die bestuurder van die Koringraad, dr. A. W. Bock. Die brood sal uit tagtig persent uitmaal bestaan en sal feitlik wit wees. Sodra hierdie brood weer gebak kan word, sal die beheer oor die verkoop van brood ook vervel, het hy gesê.

# BEGIN ISRAEL HOOP OP RUSLAND ?

Die moord op graaf Bernadotte, bemiddelaar van die V.V.O. tussen Jode en Arabiere, verlede Vrydag deur Joodse terroriste kan nog nie in sy volle komplikasies beoordeel word nie. Maar dit is nie buite die waarskynlike nie dat hierdie daad sowel 'n aanduiding is van as wat dit ten gevolge kan hê dat die Joodse bevolking in Palestina die oë na Rusland begin opslaan vir steun in sy nasionale stryd.

Dit is opvallend dat 'n paar dae voor die moord berig is dat die Jode al meer tot die gevolgtrekking begin raak dat die V.V.O. se bemiddelaar die plek van die Britte ingeneem het en gekom het om te bly. Hy is beskou as 'n „Hoë Kommissaris” met groter regte en voorregte as sy Britse „voorganger”. Daar is in die verband daaraan toegevoeg dat indien die wapenstilstand nog vir onbepaalde tyd mag voortduur, Israel se hart warmer sal begin klop vir Rusland.

„Die swenking na die Ooste sal meer van sentimentele as ideologiese aard wees weens die besef dat ten minste die Sowjet-Unie nie aan die „offensief” teen die Joodse staat deelneem nie, en dat daar minder gevaar vir „verraad” aan die kant van die Ooste as aan die Weste bestaan, is verklaar.

### ALGEMEEN

Daar is ook verklaar dat hierdie gevoel ook gedeel word deur die voorlopige regering, hoewel regeringskringe hulle daarvan weerhou om sulke openlike uittalings oor die toestand te doen. Die regering is glo anti-Russies, maar nie minder anti-Angelsaks-

## Sentrale Fees Pretoria



'n Baie suksesvolle O.B.-fees is op 11 September in Pretoria gehou waar duisende offisiere en Brandwagte die middag en aand in 'n feestelike stemming verkeer het. As sprekers het opgetree die K.G., dr. Hans van Rensburg, adv. John Vorster en oom Naas Raubenheimer. Ons foto toon die voorpunt van die skouspelagtige optog deur die Boerejeug tydens die fees.

(Vervolg van kol. 5)

handlegend dat dit tot die verdere vervreemding teenoor die Weste sal bydra en dat in die toekoms verwag kan word dat Rusland 'n steeds groter invloed in Palestina sal kry.

### SELF S DAARNA

Minister Erasmus het ook aan die lig gebring dat pogings aangewend is om staatsdokumente op die laaste stadium nadat die nuwe regering bewind oorneem het, te verwyder.

„Ons het na die kantoor van die Militêre Inligtingsdiens gegaan. Ons het aan kol. Powell gevra of daar sekere dokumente is, waarop kol. Powell geantwoord het dat daar sekere leggers is, maar dat dit sy persoonlike leggers is en dat hy dit saam met hom wil neem”, het die Minister gesê.

Die offisiere het kol. Powell die voorreg geweier om die leggers te neem. Dit was staatsdokumente. Afskrifte daarvan is aan veldm. Smuts gestuur en ook aan sekere ander oud-ministers.

## JODE KRY WAPENS VAN RUSLAND'

Rusland ondersteun die Joodse staat Israel in laasgenoemde se poging om beheer oor die Heilige Land te kry, het brigadier J. L. Glubb Pasja, aanvoerder van die Arabiese Legioen in Transjordanie, in Londen verklaar.

„Indien Israel daarin slaag, sal Rusland poog om deur middel van die Joodse staat die Midde-Ooste te oorheers soos hy

probeer om die oorhand in Berlyn te kry”, het hy daaraan toegevoeg.

Wapens word op groot skaal van agter die ystergordyn na Palestina gesmokkel. Jode word ook in die militêre kuns in Rusland en sy satellietstate opgelei. Indien die huidige onenigheid aanhou, sal Rusland al meer en meer invloed in die Midde-Ooste kry, het hy gesê.

## K.G. ONGESTELD

Die Kommandant-generaal, dr. Hans van Rensburg, is deur sy geneesheer aangeraai om hom vir geruime tyd stil te hou, met die gevolg dat vergaderings wat vir die nabye toekoms belê is, nie deur hom toegesprek sal kan word nie.

Die K.G. ly aan sinusitis en keelaandoening en sal moontlik ook 'n operasie moet ondergaan.

sies nie. Daarenteen beywer die linkse groepe in die regering hulle vir 'n nouer aanskakeling met Rusland. Die gevaar bestaan dus dat enige langdurige inmenging van die V.V.O. 'n versterking van die linkse standpunt sal meebring, veral waar daar in November nuwe verkiesings moet plaasvind, en die gevoel van die breë massa sterk anti-Angelsaksies is.

### GESKOK ?

Die moord is natuurlik deur die ekstremistiese Jodegroep gepleeg, maar dat hul ontevreedenheid 'n paar dae voor die tyd vertolk is as 'n gevoel wat selfs deur die regering gedeel word, moet 'n onderstreping wees van die vrees dat Israel stadigaan besig is om hom na Rusland te wend, tensy die moord werklik 'n skok vir die Israel-leiers is en dit hulle tot ander insigte gaan dwing.

Daarenteen bestaan die gevaar, soos uitgespreek in amptelike kringe van die V.V.O., dat die moord slegte gevolge sal hê vir die toelating van Israel deur die Weste tot die V.V.O. en dat daar voortaan ook minder geld uit Amerika afkomstig sal wees vir die Joodse staat— in die verlede het laasgenoemde tot 90 persent van sy inkomste van daardie oord verkry.

Indien hierdie voorspellings bewaarheid word, is dit voor die (Vervolg in voorgaande kol.)

## Vergadering Op Ysterplaat Van Sterk A.P.-tak

Die Afrikanerparty het reeds vinnig wortelgeskiet in die Kaapse Skiereiland, soos blyk uit die sterk tak van Ysterplaat wat al meer as 80 lede tel onder voorsitterskap van mev. M. van Rooyen.

Hierdie tak sal ook die voorreg hê dat hy die eerste in die Skiereiland sal wees om 'n groot vergadering te hou wat deur twee A.P.-parlementslede toegesprek sal word. Dit vind plaas op 23 September in die Martin Adam-saal Ysterplaat (Brooklyn) om 8-uur die aand, en as sprekers tree op mnr. Harm Oost, L.V. vir Pretoriadistrik en mnr. Fanie Labuschagne, L.V. vir Kliprivier.


Alle belangstellendes word daarheen uitgenooi.

## Gesinstoelae Gestaak

Die gesinstoelae aan Indiërs in Suid-Afrika sal gestaak word volgens 'n verklaring van die Minister van Volkswelnsyn. Uitbetaling sal nog geskied tot tyd en wyl 'n kennisgewing in die verband uitgereik word. Die uitbetalings is nie te regverdig nie, het die Minister gesê. Daar is delikate redes wat hy nie nou wil noem nie.

**ONS HELP HULLE WAT ONS HELP. DIE ADVERTEERDERS HELP ONS.**

## MET VOLLE BANDVERSPREIDING



**Die Nuwe Model 98G**  
**6 VOLT BATTERY SET**

- 5 GLOEILAMPJES
- 6 GOLFBANDE
- DEFTIGE SAPILE HOUTKABINET
- GEBRUIK SLEGS 2 AMPS.

**KONTANTPRYS £24/7/6**

**VOORWAARDES:** Deposito van £3/4/6 en 24 paaiemente van £1/0/3

Super-de-luxe windlaaiers 6 volt £17/10/- **KONTANT BATTERYE OOK IN VOORRAAD**

**Phil Morkel**

6 Takke te Kaapstad, Bellville en Paarl  
**POSBESTELLINGSAFDELING:**  
POSBUS 2721 - - - **KAAPSTAD**

# Krisis Op Parlementêre Gebied — Genl. Smith

Genl. J. A. Smith, adjunk K.G., skryf: By geleentheid van ons fees op Kroonstad waar die verjaardag van die Ossewabrandwag soos ook dié van die K.G., die Boerejeugleier en van myself herdenk was, het ek o.a. daarop nadruk gelê dat dit die gestelde taak van ons Beweging was en in die verlede herhaalde male so verklaar is, om die Afrikanervolk so saam te snoer en so op te voed en te dissiplineer dat die volk van enige geleentheid wat hom mag voordoën of deur hierdie voorligting van ons volk bewerkstellig mag word, gebruik kan maak en daarvoor sodanige middele aanwend as wat die omstandighede mag vereis om sy soewereine onafhanklikheid in 'n volksrepubliek te verkry. Hierdie taak is nóg nie volbreng nie en is 'n taak wat nog voorlê. Tweedens het ons baie male benadruk dat 'n volk — so ook ons volk inderdaad — verskillende fronte het om op te veg vir sy bestaan of handhawing van homself. Op dié fronte waarop die vyand ons aanval moet ons verdedig. So is daar o.a. ook ongelukkig die partypolitieke of die parlementêre front waarby elke Afrikaner gewig moet inwerp. Vir die verskillende fronte is daar organisasies maar dit is nie genoeg nie. Die hele volk moet met sy verskillende organisasies daardie aanslag afweer en tot oor-

winning voer. Daarom het die Ossewabrandwag sedert sy stigting steeds gestreef om sy gewig by die nasionaalgesinde partye in te werp en doen hy dit vandag met alle mag nadat hom die geleentheid deur die Afrikanerparty gegee is.

### PARLEMENTÊRE KRISIS

Maar, het ek bygevoeg, dit lyk of dit op die parlementêre front meer as ooit tevore 'n lewenskwestie vir die volk is. Ek noem dit 'n parlementêre krisis van lewensbelangrikheid — 'n krisis waarin werklik die toekomstige bestaan van die volk mee ge-



Genl. J. A. Smith.

moei is. Daar is twee dinge wat nie ontwyk kan word nie en wat reg gemaak of opgelos moet word. Een is die kleurkwessie, die kleurgevaar vir die volk wat alleen deur die nasionaalgesinde Afrikaners afgeweer kan word al sou dit ook rewolusionêre maatreëls vereis. Die verouderde Grondwet sal die ondergang van die volk veroorsaak as hy nie gewysig word nie. Die volk is nie werktuie van 'n wet nie maar die wet van die volk. Dit sou mees ondemokraties wees as die volk slaaf moet wees van daardie verouderde S.A. Wet. Ons moet aandring dat dit verander word en sal alles in die stryd gooi as dit in watter vorm ook mag ontbrand. Die tweede is die inmenging van vreemde state in ons huishoudelike aangeleenthede en word beliggaam in die kommunistiese bedreiging. Die Nasionaalgesindes moet aan bewind bly.

### DUITSLAND

Nou het ons voortdurend van verhoë gewaarsku dat as Duitsland vernietig word, die Russe die wêreld sal onderdruk. Vandag skreeu diegene wat van ons in die tronke en kampe gestop het ook teen die Russe. Vandag sien hulle dat dit noodsaaklik is dat die Duitse volk moet dien as 'n bolwerk teen die aanrollende Russiese gevaar. Vandag stuur ons nasionaalgesinde regering vliegtuigloodse om teen die Russiese indringing in Berlyn te gaan help. Hoe reg was

ons nie! Daarom is ons trots dat ons kant vir die Duitsers teen die Russe en hul helpers gekies het.

Daar sit egter nog een Afrikaner in die tronk omdat hy Suid-Afrika gewaarsku het van uit Duitsland. Dit is dr. Eric Holm. Hy is 'n mede-Afrikaner en Unieburger. Sy „misdaad" was nie groter as die van ander wat al vrygelaat is nie. Hy moet ook vrygelaat word. Nou vra ek die owerheid om dit te doen. So nie, wil ek net bely dat ek meer in die openbaar gesê en gedoen het teen die oorlogmakers as Eric Holm. Daarom moet die owerheid of hom laat loop of my saam met hom in die tronk stop.

### ONREG

Daar is ook verskriklike onreg gedoen teen Afrikaners. Honderde is vir jare in die tronke en kampe onverhoord gestop. Die mense het groot skade gely. Liggaamlike leed asook geestelike leed is veroorsaak. Die volk moet herstel eis. Die mense moet skadevergoeding toegeken kry. Ons vra om 'n ondersoek en doen 'n beroep op die volk om aan te dring dat die skadeloosstelling geskied. 'n Burger mag nie veronreg word en skade aangedoen word deur 'n politieke party met sy betaalde trawante net omdat hy nie saamdraf met daardie party nie. Dit moet in S.A. onmoontlik gemaak word dat burgers deur elke party wat aan bewind kom deur sodanige owerheid gemartel, verarm en verdruk word. Siedaar die taak van die O.B. Die stryd is nou nog ernstiger en groter as ooit tevore. Die taak is baie groot en ernstig vir die Ossewabrandwag. Nô is hy eers nodig as organisasie.

## Die Week In Oënskou

Daar sal 'n spesiale kommissie aangestel word om die pensioene van die polisie te ondersoek. Lede van die polisiemag aan die Rand sal ook maandeliks 'n ekstra toelaag van £5 ontvang en uitkoopgeld uit die mag sal van £20 tot £30 verhoog word. Dit word gedoen om ontslag uit die diens te ontmoedig.

Suid-Afrika het so pas 30,000 ton rys van die Britse voedselraad verkry. Dit behoort teen Oktober hier te wees.

Dr. E. G. Jansen, Minister van Naturellesake, het aan alle natuurelle die versekering gegee dat die regering alles in sy vermoë sal doen om toestande te skep waarin sowel hulle as die witman gelukkig sal woon. Hulle kan help deur nie met hul gesinne na die stede te trek nie. Die regering sal ook nie die opvoeding van natuurelle-kindere verwaarloos nie.

Die regering het dit nog nie oorweeg om verdere Duitse weeskinders in te voer nie, volgens die Minister van Volkswelnsyn in die volksraad aangekondig het.

Huurbeheer sal voorlopig nie afgeskaf word nie, maar waarskynlik in gewysigde vorm gehandhaaf word. Weens die woningtekort in die stede en die instroming van immigrante, kan dit nie afgeskaf word nie, het die Minister gesê. Eers as die regering oortuig is dat die beheer nie meer nodig is nie, sal dit afgeskaf word.

'n Voorstel van die Russe in die V.V.O. se kommissie insake koloniale gebiede dat die 70 kolonies in die wêreld onder groter toesig van die Verenigde Volke-organisasie geplaas moet word, is verwerp. 'n Kompromisvoorstel van Indië dat 'n dergelyke komitee aanstaande jaar verslae oor koloniale gebiede moet ontvang, is aangeneem.

## AMPTENARE SE KLAGTES SAL ONDERSOEK WORD

Die klagtes van spoorwegamptenare wat gedurende die Smuts-regering opgestawel het, sal deur 'n kommissie, wat die regering nog gedurende hierdie sitting sal benoem, ondersoek word, na betroubaar verneem word.

Die kommissie sal uit drie lede bestaan en hulle sal nie lede van die spoorwegdiens wees nie maar buitestaanders. Die voorsitter sal 'n regsgeleerde wees.

Die kommissie sal veral belas wees om die klagtes insake gradering te ondersoek. Daar word veral verwys na die gradering in die seniorbetrekkings. Aan dag sal ook gegee word aan die klagtes van oud-soldate wat meen dat hulle onregverdig behandel is.

## Neger Geskiet Omdat Hy Stem In Amerika

'n Amerikaanse neger is doodgeskiet deur 'n blanke in Georgia toe hy verlede week sy stem uitgebring het in 'n verkiesing vir die staatsregering berig Sapa-Reuter. Hy is deur die blanke aangesê om nie te stem nie, maar het geantwoord dat hy die reg het en dit sal gebruik. Nadat hy gestem het, is hy met 'n haelgeweer doodgeskiet in sy huis.

## Noodregulasies Verminder

Meer as die helfte van die oorlogstydse noodregulasies sal verdwyn indien 'n wetsontwerp van die Eerste Minister aangeneem word.

Drie-en-vyftig stalle noodregulasies wat o.a. te doen het met prysbeheer, die duurtetoelag, huurbeheer, boubeheer, verkoop van mielies, wintergraan, wyn, vleis, eiers, sagtevrugte, kunsbotter en aartappels bly egter van krag.

Ander noodregulasies wat oorbly, moet egter nog 'n onbepaalde tyd van krag bly. Dog die wetsontwerp bepaal dat enige noodregulasie wat onnodig word, te eniger tyd herroep kan word deur middel van 'n gewone regulasie.

Die Kanadese regering het aangebied om 200,000 ton koring tussen April en Augustus vanjaar aan Suid-Afrika te lewer. Die prys hiervoor sal 2.36 dollar per boesel wees.

## Goud Word Minder

Die Unie se goudreserwe het die afgelope week nog verder gedaal. 'n Maand gelede het dit meer as £82,000,000 bedra. Tans is dit slegs bietjie meer as £74,000,000. Die vermindering is te wyte aan die wanverhouding tussen die Unie se in- en uitvoer.

## Ongekeurdes Kom Land Binne As Kuiergaste

Britse immigrante wat deur die Minister van Binne-landse Sake se deegliker keurbeleid gediskwalifiseer word om na die Unie te kom, het reeds 'n nuwe skuiwergat ontdek om die land binne te kom.

Volgens die nuwe regulasies van die regering word alleen aan immigrante uit Brittanje wat behoorlik gekeur is geriewe verskaf, en die Minister het onlangs gewaarsku dat diegene wat buite die kanale probeer kom, afgewys kan word as ongewenste. Daar is egter niks wat voornemende immigrante verbied om te verklaar dat hulle as „besoekers” of „toeriste” tydelik na Suid-Afrika kom en nadat hulle hier aangeland het, hulle dan hier metterwoon te vestig nie.

Onder die huidige wetgewing kan Britse onderdane wat tydelik na die Unie kom — en aan die immigrasie-owerheid verklaar dat hulle twee of drie maande in die Unie wil bly — nie gedwing word om die land te verlaat nie en daar kan ook geen beperking gelê word op die tyd wat hulle in Suid-Afrika kan bly soos dit in die geval van vreemdelinge is nie.

### VRYGESTEL

'n Britse onderdaan het geen permit nodig om in die Unie te bly nie en het ook nie nodig om aan die owerheid te rapporteer waar hy hom bevind nie.

Britse immigrante wat reeds in Suid-Afrika is, gee te kenne dat baie Britte in die toekoms van hierdie gaping gebruik sal maak omdat dit ook besonder moeilik sal wees om te kan be-

wys dat hulle 'n valse verklaring by hul aankoms afgelê het.

Voordat die regering versaker kan wees dat hy slegs goeies, en nie ook die „slegtes” van genl. Smuts kry nie, sal die immigrasiewette opgeknop moet word sodat die towerwoord „Britse onderdaan” minder effektief sal wees om Suid-Afrika binne te kan kom.

## OOORHEERS HOLLANDSE OF DUITSE BLOED?

Die vraag of daar meer Duitse as Hollandse bloed in die are van die Afrikaanssprekende deel van die volk vloei, het die afgelope tyd aanleiding gegee tot 'n twisgeskryf in die Cape Times. Nadat daar oor en weer uit gesaghebbende werke aangehaal is, is daar tot die gevolgtrekking gekom dat daar meer Duitse as Hollandse afstammelingen in Suid-Afrika is.

Na aanleiding van 'n bewering van 'n persoon wat sy naam „Judex” teken, dat die meeste blankes afstammelingen is van Britte, Franse en Hollanders, is hy op sy tone getrap deur „Senex” van Vishoek, wat be- weerd dat daar vanaf 1700 tot 1795 „baie meer Duitse nedersetters na Suid-Afrika gekom het as wat vanuit Frankryk, Holland, en elders tesame gekom het.” Hy verklaar dat die vloei van Duitsers gedurende

die periode so groot was dat die hele bevolking later met Duitse bloed oorheers is. „Die feit is eers onlangs deur ons Afrikaanssprekende medeburgers erken. Dit is 'n feit wat onbekend is aan die Engelse pers in Suid-Afrika asook aan besoekende Britse parlementslede wat praat van die „Hollanders aan die Kaap.”

### SYFERS

Hierdie stelling het heelwat teenspraak uitgelok, maar is uiteindelik ondersteun deur iemand van die Universiteit van Stellenbosch wat verwys na die bevindings van Theal en Colenbrander in hierdie verband. Volgens Theal was daar van die 1,520 nedersetters wat onder die bewind van die Hollandse Oos-Indiese Kompanie na die Kaap gekom het, 494 uit Holland, 74 uit Frankryk, 71 uit Skandinawië en 806 uit Duitsland afkomstig.

Die skrywer betoog dat hierdie verhouding in hersiening geneem sal moet word met die oog op die latere bevindings van dr. J. Hoge, van die Universiteit van Stellenbosch wat 'n studie gemaak het van Duitse persone wat in die jare 1652-1806 na die Kaap gekom het. Sy getal kom op 4,000 Duitsers te staan.

### OOORHEERSEND DUTS

Senex, wat homself as 'n Engelsprekende afstammeling beskryf, meld nie waar hy sy gegewens vandaan kry nie, maar noem min of meer dieselfde getal waar hy in 'n opvolgende brief beweer dat daar teen 1795 „iets minder as 6,000” Duitsers aan die Kaap was. Hierby, so betoog hy, moet in aanmerking geneem word dat immigrasie in daardie tyd nie in terme van duisende nie, maar van honderde gemeet moet word. So laat as 1702 was die opgawe vir die hele nedersetting as volg: Mans 502; vroue 270; seuns 337; dogters 333, en in 1752 was dit onderskeidelik 1,478; 1,026; 1,396, en 15,119.

Hy spreek die mening uit dat daar tot 1700 slegs 250 Franse aangekom het.

„Ek glo dat die oorheersende karaktertrekke van die Afrikaanssprekende nie Hollands of Frans is nie, maar Duits ... Ek hou nie minder van my mede-

## V.S.A. Eis Staking Van Plundering In Duitsland

Dit wil voorkom asof minstens een van die Westerse Geallieerdes eindelijk tot die insig gekom het dat hulle Duitsland nie langer kan plunder en sy fabriek afbreek vir herstelbetalings as hulle Wes-Europa van Kommunistiese oorheersing wil red nie. Daardie moondheid is Amerika wat by monde van die hoof van die Marshallplan 'n versoek aan Brittanje en Frankryk gerig het om 'n einde te maak aan die neem van herstelbetalings, en as dit nie kan geskied nie, dit drasties in te kort.

Onmiddellik na die oorlog het die Westerse moondhede saam met hul Russiese bondgenoot Duitsland begin plunder en fabriek afgebreek. Onlangs het Brittanje, wat selfs nog gedurende Juliemaand alleen fa-

abrieksuitrusting ter waarde van £14,000,000 van Duitsland geneem het, Rusland daarvan beskuldig dat hy in die afgelope drie jaar goedere ter waarde van £1,750,000,000 uit Duitsland geneem het.

Die Amerikaanse versoek om die herstelbetalings te staak is aanvanklik met weersin deur Brittanje en veral Frankryk ontvang wat te kenne gegee het dat daar baie voorrade in Duitsland is wat elders beter aangewend kan word. 'n Onlangse versoek van die Tussen-Geallieerde Herstelbetalingsagentskap aan die drie Westerse militêre goewerneurs in Berlyn om hom van 'n finale lys te voorsien van alle toerusting in Duitsland wat afgebreek en verwyder kan word, word egter beskou as 'n antwoord op die Amerikaanse versoek om af te sien van verdere plundering in belang van Europese herstel.

## Geboortemerke Verwyder

Drie Amerikaanse dokters het tot die gevolgtrekking gekom dat geboortemerke verwyder kan word as X-straalbehandeling onmiddellik na die geboorte van die kind toegepas word.

Die Minister van Justisie het in die volksraad verklaar dat hy ten gunste is van lyfstraf vir diegene wat hulle skuldig maak aan huisbraak.

## VERRASSEDE REDDING VAN O.B.-FUNKSIE

Die Ysterplaatse O.B.-kommando het al klaar weer £22 10s. vir 8 Augustus 1949 ingesamel en nogal op verrassende wyse! Hierdie kommando het in die verlede die vaste gewoonte gehad om elke eerste Saterdag van die maand 'n funksie op Melkbosstrand te hou in die Pawiljoen-teekamer. Die fondse so ingesamel, is dan opsy gesit vir O.B.-dag. In die jongste tyd het dit begin lyk of die belangstelling daarvoor aan die taan was, en op 'n vorige funksie was die wins slegs 1/6. Dit het die kommando laat besluit om dit

nou maar te staak, en op 4 September sou die laaste funksie dan ook plaasvind. Die opkoms was egter so oorweldigend goed dat die pragtige wins van £22 10s. gemaak kon word. Dit was die beste in die afgelope drie jaar waarin die funksie so gereeld gehou was dat nie een enkele keer oorgeslaan is nie.

Daar is toe vanselfsprekend afgesien van die besluit en die funksie sal in die vervolg weer plaasvind soos in die verlede — elke eerste Saterdag van die maand.

## VOLKSKAS-AANDELE

VIR algemene inligting word bekendgemaak dat daar nog 'n beperkte aantal gewone VOLKSKAS-AANDELE vir inskrywing beskikbaar is.

VOLLEDIGE besonderhede is vervat in die Bank se jongste prospektus, eksemplare waarvan op aanvraag by alle takke of by die Hoofkantoor van die Bank, Posbus 578, Pretoria, verkrygbaar is.

### VOLKSKAS BEPERK

(Geregistreerde Handelsbank)

HOOFKANTOOR:  
PRETORIA



BANKIERS



## „Elke Sigaret 'n Meesterstuk”

Rembrandt-kartonne van 50 is in beperkte hoeveelhede beskikbaar. Hierdie dosies is hand-vervaardig en met die grootste sorg verpak deur ons eie dogters—hardwerkend en trots daarop!

**Rembrandt**

ROOI VIR KURK GROEN VIR ONGEKURK

„Die sigaret wat u altoos graag wou rook.”

Kopierez

RA.5

Ons koop by hulle  
wat in ons blad adverteer

DIE O.B., WOENSDAG, 22 SEPTEMBER 1948

# „Ten Behoeve Van Europese Herstel”

Dit is merkwaardig dat in die afgelope week twee berigte wat in noue verband met mekaar staan, feitlik gelyktydig die ore van die wêreld bereik het. Die een is die aankondiging dat demobilisasie van die Britse leër gestaak is en dat Frankryk deur Amerika aangesê is om deel van sy Marshall-hulp vir bewapening aan te wend. Die ander is die versoek van Amerika se Marshallplan-hoof aan Engeland en Frankryk om verdere aftakeling van nywerhede in Duitsland vir herstelbetalings op te skort „in belang van Europese herstel”.

Ons noem dit merkwaardig omdat die gewone man wat skynbaar nie met die insigte van hedendaagse staatsmanne belas is nie, dit onbegryplik vind dat hierdie twee stappe — gedeeltelike mobilisasie en stopsetting van plundering in Duitsland — eers in die najaar van 1948 gedoen word. Vir diegene, wie se kennis van die kommunistiese wêreld-revolusieplan tydens die oorlog verdring is deur anti-Duitse gevoelens, moes dit tog immers al op die eerste vergaderings van die V.V.O. duidelik geword het dat mooi woorde Rusland nie binne sy grense sal hou nie. Maar selfs die volle omvang van 'n Berlynse krisis drie jaar later was nog nie genoeg om hierdie liggelowige kombesmaats van Stalin tot volle ontnugtering te laat kom nie. Toe hulle die drumpel van Stalin se voordeur hol getrap het in 'n poging om sy volstruisskoppe teen hulle in Berlyn tot bedaring te bring, is daar in Brittanje openlik te kenne gegee dat die land nie bereid is om sy politiek met geweld te steun nie, en in Frankryk is selfs 'n kabinetkrisis veroorsaak oor 'n verdedigingsbegroting. Slegs Amerika het dit goed gedink om 'n klompie supervestings na Brittanje te verskuif — asof Stalin met sy miljoene-leër in Oos-Europa hom deur 'n klompie geïsoleerde vliegtuie sal laat intimideer.

## WAT GEDOEN WORD

Maar dit was nie alleen dat die Westerse volke die grootste onwil tot oorlog geopenbaar het nie, hulle het hulself skuldig gemaak aan nog groter onverantwoordelikheid. Die stryd in Berlyn gaan nie soseer om strategiese as om politieke oogmerke. Dit gaan in die eerste plaas oor die gevaar dat die Duitsers in wanhoop hul rug op die Weste sal keer.

Maar wat is nou eintlik gedoen om die vertroue van die Duitsers te wen, behalwe vir die durabele lugvervoer na Berlyn? Die berugte Morgenthau-plan — van wie 'n mede-opsteller kort gelede weens kommunistiese bedrywigheid in Amerika aangekeer is — is nou wel nie in naam op Duitsland toegepas nie, maar die hoofdoel daarvan, naamlik die verswakking van Duitsland se nywerheidsvermoë is tot op hierdie dag nog met stelselmatige berekening deurgevoer. Dit word net, ooreenkomstig die Angelsaksiese vindingrykheid om lelike dinge met beskaafde terme te beklee, nou „herstelbetalings” genoem in plaas van plundering. Eers nou dat hulle vir die tweede — en glo „laaste” — maal in die Kremlin gaan voetval voor die Oosterse despote, word daaraan gedink om die plundering „op te skort” omdat dit nie in belang van Europese herstel is nie. Duitse masjinerie ter waarde van biljoene ponde is in die afgelope drie jaar al verwyder na Oos en Wes, en eers nou begin die Westerse staatsmannetjies daaraan te dink dat dit darem nou nie heeltemal te rym is met Europese herstel nie.

## TEGNICI AS HANDLANGERS

Maar ook dit was nog nie al nie. Die Westerse politici het nog steeds volhard met 'n sogenaamde suiweringsproses van die Duitse volkslewe. Almal wat in diens van die Nasionaal-sosialistiese bewind gestaan het, is in kampe gejaag en moes eers soos vee deur die dippe van antinasionaal-sosialistiese „howe” gejaag word voordat hulle weer 'n produktiewe bydrae tot die heropbou van hul verwoeste vaderland kon lewer. Diegene wat nie aan die hoë toetse van linksgesinde suiwerings voldoen nie, word eenvoudig na konsentrasiekampe gestuur vir lewenslank of amper-lewenslank — soos in die geval van dr. Hjalmar Schacht. Andere, onder wie deskundiges en tegnici, wie se sondes nie veel groter was as dat hulle lid van Hitler se party was nie — 'n party wat volle erkenning in die Weimar-republiek geniet het — is belet om hul beroepe uit te oefen. Met hul waardevolle kennis moet hulle vandag strate vee of handlangerdiens doen by die opruiming van Duitse bouvalle!

Dit is die portret wat mens het van die Duitsland wat deur 'n sesjarige oorlog vir die Westerse beskawing „gered” moes word. En as kroon hierop is 'n paar weke gelede — nog tydens die onderhandelings met Stalin oor Berlyn — berig dat die Britte drie afgeleefde Duitse generaals gaan neurenberg. 'n Besondere plek in Duitsland se ekonomiese heropbou sal hierdie bejaarde krygsmanne seker nie kan inneem nie, maar wat 'n bydrae sal hul behandeling nie wees tot Stalin se gewig in hierdie stryd om prestige wat nou al vier maande lank in die Duitse hoofstad woed nie!

Ewenwel, Angelsaksiese staatsmannetjies is hard besig om iets te red wat hulle die Westerse beskawing noem.

## Brief aan My Partyvriend:

# Metode Wat In Boerdery Nooit Sal Deug

Geagte Vriend, In my vorige brief het ek met aanhalings uit toesprake probeer bewys hoe eenstemmig politici aan weerskante is dat sekere vraagstukke, en by name die naturellevraagstuk buite die partypolitiek gehanteer moet word. Maar hoe-wel almal die noodsaaklikheid hiervoor erken, kan niemand daarin slaag om die vraagstuk uit die „partypolitieke arena” — soos dr. Malan dit noem — te lig nie. Hierdie swakheid kan nie toegeskryf word aan die onwil van diegene wat met die wetgewing belas is nie. Daar is sonder twyfel mense in die parlement wat dit baie ernstig meen met die land, maar hierdie goeie mense sit vasgevang in die spinnerakke van 'n stelsel wat hulle hande en voete bind. Om dit te verstaan is dit nodig dat ek die hoofbeginsels van die Britse parlementêre stelsel aan jou weereens verduidelik.

## TEENSTAND

Die wese van hierdie stelsel — en moet dit tog nie met die demokrasie vereenselwig nie — is dat „gesonde” staatsbestuur moet berus op die beginsel van teenstand en teenstelling. 'n Behoorlike ontleding van vraagstukke, so meen die ontwerpers van hierdie stelsel, vereis 'n debat waarin inleiers en teenstanders elk hul kant van die saak stel — soms teen hul eie oortuiging in. Nou wil ek erken dat dit nogal nie 'n slegte metode is om al kante van 'n saak te verneem nie. Tot 'n mate word in ons hofprosedure ook hiervan gebruik gemaak; ons kry advokate vir die staat en vir die verdediging. Maar die belangrike verskil kom hierin dat nie die twee advokate wat teenoor mekaar staan, uiteindeelik beslis oor watter kant reg is nie, maar 'n onpartydige jurie of regter wat buite en bo die woordstryd van die advokate sit.

## JURIE MENG IN

Nou kan beweer word dat die parlementêre stelsel presies dieselfde beoog, en dat die volk of kieserskorps die regter of jurie is wat moet oordeel. Tot 'n mate is dit so, dog 'n belangrike verskil gooi die hele vergelyking omver. Waar in die geval van 'n hof 'n advokaat ten strengste belet is om met die jurie gemene saak te maak, word in die partypolitiek 'n deel van die volk agter die advokaat ingeskakel en daar is niks wat belet dat elke lid van die volk agter die twee

wedywerende partye ingeskakel word nie — niks behalwe die gebrek aan belangstelling by 'n deel van die volk.

## VLOTTENDE STEM

Wat dus oorbly om onpartydig te oordeel of jurie te speel, is dan juis daardie deel van die volk wat die minste belangstelling vir die politiek het. Hulle wat so min bekommerd is oor die vraagstukke van die land dat hulle nie deel wil neem in die debat daaroor nie, hulle is per slot van rekening by uitstek die mense wat die beslissing oor daardie vraagstukke moet gee! — Jy ken mos die „vlottende stem”? Die ander word deur hul lidmaatskap aan die een of die ander party ingeskakel by die standpunt van hul leier. Daarmee vervally alle moontlikheid van onpartydige oordeel by hulle. Hulle staan nou rotsvas by hul party, reg of verkeerd, en slegs 'n uiterste skok kan hulle weer daar uitkry.

## MAG WORD HOOFDOEL

Jou politiek-bewuste burgers word dus in twee of meer groepe georganiseer wat nou sonder skeidsregter — of slegs met die traak-my-nie's as skeidsregter — 'n stryd teen mekaar voer. In daardie stryd speel beginsels 'n belangrike rol, maar nooit die hoofrol nie, omdat die uitvoering van daardie beginsels geheel en al afhanklik is van die magsposisie wat net een van die twee partye op 'n tydstip kan beklee. Die hoofstryd gaan dus oor die mag of leiding van die staat en nooit teen 'n ewel nie. Dit help die Nasionale Party by voorbeeld absoluut niks dat hy vir 'n blanke Suid-Afrika staan solank hy in die opposisie is nie. Sy beginsels word deur die teenparty sonder aansien verwerp omdat die stelsel vereis dat hulle van mekaar moet verskil.

## HORENDE DOOF

En dit is vir my so snaaks dat mense hierdie waarheid nog nie kan besef nie. Ek loop nou die dag 'n kennis raak wat my meedeel dat hy nou net van die parlement af kom. „Dr. Jansen het hulle darem vandag die waarheid so pragtig vertel dat ek nie kan glo hulle dit nie kan verstaan nie. Maar dit lyk my hulle wil dit nie verstaan nie”, deel hy my mee. Hierdie vriend was al 'n kandidaat in 'n verkiesing, en hy glo blykbaar in alle erns wat hy sê. My antwoord aan hom was: „Maar, vriend, jy weet mos dat hulle verplig is om te maak asof hulle nie verstaan nie.”

As die opposisie nie meer verskil nie, is dit 'n ernstige saak, soos Die Suidsterm onlangs nog in 'n hoofartikel geskryf het oor „die belangrikste strydpunt tussen die partye” wat dalk kan verdwyn. As daar nie verskil van mening, spontaan of gedwonge, is nie, kan die stelsel nie meer werk nie.

## OP JOU PLAAS

Nou kan jy jou voorstel wat op jou plaas sal gebeur as jy jou plaaswerkers in twee groepe verdeel wat teenoor mekaar staan. Voordat hulle die sloot gaan skoonmaak of die boorde gaan snoei, spring hulle eers aan mekaar om te beslis wie die werk sal doen. En die kant wat wen het dan die alleenreg om sloot skoon te maak of die

boorde te snoei. Die werk van die verlorende groep is dan in alle erns om die ander plaaswerkers se taak so te bemoeilik dat hulle netnou maar weer tot 'n kragmeting sal oorgaan. As jy kans sien om op so 'n grondslag te boer, en ryk te word, wens ek jou alle sukses toe — jy het sulke wense nodig.

## WAAROM

My vraag aan jou is: Waarom moet ons volk verplig word om selfs in hierdie gevaarvolle tye 'n stelsel te handhaaf wat vereis dat hy in twee teenoor-mekaarstaande groepe verdeel word, en waarin die belangrikste taak van die politiek nie is om vraagstukke op te los en die welvaart van die volk op 'n eendragtlike wyse te bevorder nie, maar om te worstel oor die alleenreg vir die oplossing van vraagstukke en behartiging van volksbelange. Dit is soos twee jagters wat as die leeu storm, dit nou eers met mekaar uitveg oor wie die leeu sal skiet. Plaas van dat albei skouer aan skouer elk met sy eie geweer sy deel bydra om die gemeenskaplike gevaar af te weer.

Jy sal nou vir my vra maar wat stel ek voor moet ons in die plek hiervan kry? Ek hoop om in 'n volgende brief meer positief te wees. Dit was egter nodig om eers die swakheid van die huidige stelsel aan die kaak te stel. Maar ek wil net weereens beklemtoon dat jy goed moet verstaan dat my kritiek nie gemik is teen die een of ander persoon of party nie. Ons moet almal oortuig raak van die noodsaaklikheid om 'n verandering teweeg te bring, en dan doen ons dit almal saam.

## Gaan Geen Inmenging Duld

Brittanje sal elke suggestie dat die V.V.O. die reg het om in te meng in die administrasie van sy Koloniale Ryk, betwis, en is nie bereid om die reg van die V.V.O. om hiermee in te meng, te erken nie, volgens 'n verklaring in Londen. Hierdie houding van Brittanje word deur politieke waarnemers in die buiteland vertolk as 'n aanduiding dat Brittanje Suid-Afrika sterk op die V.V.O. sal steun ten opsigte van die Indiërvraagstuk.

## OSSEWABRANDWAG-DAG

## DESPATCH

(by Stasie) OP

25 SEPTEMBER 1948

10 vm.: Motor Stoet vanaf Rooihooft deur Uitenhage na Despatch

10.30 vm.: OPENINGSREDE by Feesterrein

Vanaf 11-uur vm.: Braaivleis en Verversings, Skyfskiet en Speletjies, asook Boeremusiek

3-uur nm.: TOESPRAAK deur genl. adv. JOHN VORSTER

Alle Afrikaners baie Welkom!

# Oorlog Teen Wild Van Seekant Af

Mnr. J. A. Landman, P.K. Dongola, skryf: Die vorige oorlogsugtige regering was nie alleen tevrede om teen onskuldige mense oorlog te verklaar nie, maar hulle het ook gaan oorlog voer teen onskuldige bokke in Noord-Zoeloeland wat die oorsaak was van die verspreiding van Nagana oor die Laeveld van Zoeloeland tot in Swaziland.

Die soort optrede laat mens dink aan die wreedhede van die Soeloes in 1838 wat alles wat nie Soeloegesind was nie, uitgeroei het. Maar hulle het darem nie die wild uitgeroei nie. Nagana het toe reeds bestaan. Tsetsevlief, wat die draer is van Nagana, het toe reeds op die wild geleef. Die bos- en vlakvark is eintlik die grootste vriende van die tsetsevlief want hulle verkies die ruigste plekke in die Bosveld. Maar op hulle was daar nie oorlog verklaar nie. Die bos- en vlakvarke het voor die wildjagters uitgevlug vanaf die kuststreek (want daar het die jag begin) die binneland in. Hulle het meesal langs die riviere gevlug en dit is te verstaan dat tsetsevlief saam met die varke getrek het sodat die binneland, wat nie Nagana geken het nie, daarmee besmet

geraak het en dit soos 'n veldbrand onder die beeste in die Laeveld versprei het. In plaas van die diere vanaf die binneland see se kant toe te jag, was dit net anders om.

Die natuur het nog altyd die ewewig bewaar en gesorg dat een pes die ander uitroei. Die mens het egter die natuur se ewewig versteur en sal altyd die Nagana moet beveg totdat die natuur weer sy deel kan doen. Dit sal die staat miljoene ponde kos om die Nagana uit te roei. Boere het duisende ponde skade gelei en pragtige beestrotte het verdwyn. Baie beesboere is byna geruïneer, maar met staathulp sal daar weer mooi trokke beeste wei. Help en beskerm die natuur en jy beskerm jouself. Dit is die wet van die Skepper. (Verkort.)

## VERVOERDIENS

Vir algemene karweiwerk en ook vervoer van mense tree in verbinding met

J. A. STRAUSS

Posbus 64 - - Telefoon 9-8355  
PAROW

## KAAPSE INDIËRS ALLIG VASGEPEN

Die Indiër-indringing in Kaapland wat die vorige regering oogluikend toegelaat het, sal nou ondersoek word, volgens 'n verklaring van die Minister van Binnelandse Sake. Hy het in die volksraad aangekondig dat hy van voorneme is om 'n kommissie van ondersoek oor hierdie aangeleentheid aan te stel. Van departementsweë sal die nodige inligting reeds voorlopig vir die kommissie ingesamel word.

In geval die regering na die ontvangs van die verslag wetgewing in dien wat die okkupasie

## Immigrante Gee Deurslag In Rhodesië

Die Verenigde Party in Suid-Rhodesië, onder leiding van Sir Godfrey Huggins, het 'n groot oorwinning behaal tydens die algemene verkiesing wat verlede week plaasgevind het. Die Verenigde Party het 24 setels teenoor die 5 van die Liberale en een van die Arbeidersparty verower.

Voor die verkiesing is daar verklaar dat die immigrante uit Brittanje (wat dadelik burgerskap verwerf) die verkiesing grootliks sal beïnvloed. Die uitslag het hierdie voorspelling bewaarheid aangesien die Liberale Party (wat staan vir skeiding tussen blank en nie-blank) in verskeie kiesafdelings verslaan is nadat die vorige verkiesing feitlik 'n gelykop tussen die partye was.

Soos Ons Lesers  
Dit Sien

## Die Kruithoring

Mnr. M. P. Bezuidenhout, P.K. Elliot, skryf: Kan u vir ons deur middel van die blad sê waarom die redakteur van Die Kruithoring gedraai het?

(Volgens Die Burger indertyd berig het, was die enigste rede wat mnr. Malan vir sy bedanking as redakteur van Die Kruithoring aangegee het, dat hy nie kans sien om voort te gaan as Die Kruithoring nie 'n weekblad word nie. Sedert sy uittrede het hy egter in die Engelse pers en Die Suidersterm talle van besware teen die H.N.P. gelug waarvan die belangrikste is dat die Broederbond so 'n groot houvas op die party sou hê en dat die party nie demokraties sou wees nie. Hy het dan ook heelwat waarskuwings geuit teen die H.N.P. se apartheidsoogmerke en die Verenigde Party geloof vir sy ware demokratiese grondslag.—Red.)

# 9-Jarige, Sê „Nee” Voor Geweerbek

„Oom Gandhi”, Kaapstad, skryf: 'n Jong Steyn-seun staan 48 jaar gelede met sy broertjie op die stoep van hul plaaswoning naby die dorp, nie ver van Bloemfontein nie. Daar oor die bult kom die Kakies en gewapende berede kaffers aangestof. 'n Twee honderd tree van die huise bly die blanke Britse offisiere stilhou en die swartes word na die huis gestuur. Op die stoep bly die twee broertjies verwonderd staan, terwyl die twee kaffersoldate van Brittanje afklim en aan die 9-jarige seun, die oudste van die twee broertjies, sê: „Hou vas my perd!” Die onverskrokke antwoord van die seun was: „Ek sal jou perd nie vashou nie!” Toe rol dit uit die swart Britse soldaat se mond: „Hou vas my perd of ek blaas jou harsings uit!” En terwyl gekorrel word, was die besliste, heldhaftige antwoord toe: „Maak wat jy wil, maar ek sal JOU perd nie vashou nie!” Op die oomblik kom mev. Steyn op die toneel en praat met die offisiere, wat toe nader kom en moes vind dat 'n 9-jarige seun hul planne in die war gestuur het. Die seun het in 'n konsentrasiekamp die lewetjie ingeskiet, maar sy jonger broertjie — 'n gewese inspekteur in 'n Staatsdepartement en vandag 'n verantwoordelike amptenaar, is die jong getuie van die gebeurde. Hy het by my vader skoolgegaan en ook sy gade, daar op Dealesville, O.V.S. Die twee-tjies se ouers het ek goed ge-


ken — „Oom Tiesie en Tant Lettie.”

Toe hierdie huisgesin ingeskaal is met hulle ossewa in die lang karavaan van konsentrasiekampwaens, het die jonger, 7-jarige klein „Tiesie” 'n lammetjie so benoud en naar hoor blêr. Hy wou toe afspring van die wa en die lammetjie gaan haal, want hy het so jammer gevoel vir die arme diertjie. Sy moeder sê toe: „Jy kannie, die Kakieperde sal jou doodtrap langs die waens.” Tiesie het sy moeder tog 'n streep getrek, en op 'n oomblik toe sy nie sien nie, spring hy af van die wa, en toe sy ma weer sien, kom hy met die klein lammetjie die wa weer opgesukkel en wys toe dat die lammetjie se tongtjie uitgesny was. Wie sou sulke dierewreedheid en marteling kon gepleeg het? Hierdie twee gebeurtenisse is deur die vandag verantwoordelike staatsamptenaar vertel toe 'n Kaapstadse onderwyser aan hom gevra het of die verhale van wreedhede teenoor diere gepleeg, wat in Sarah Raall se boek staan dan werklik waar is. Die antwoord was: „Ek sal jou maar liefst vertel wat ek self ervaar het en ooggetuie van was.”

Meneer die Redakteur, ek is bly dat u die verhale van ons kinderhelde in u blad in druk wil bewaar vir die nageslag. Ek vertrou dat u die heelhartige samewerking van u lesers sal geniet.

## Is Medisyne Noodsaaklik?

Die Natuurwetenskap  
sê nee!



Die Bron van Siekte

BEKAMP SIEKTE MET  
DIE JONGSTE WETEN-  
SKAPLIKE METODES  
Met Verbasende Uitslae  
GEEN MEDISYNE!  
GEEN OEFENINGE!

Die Hardnekkigste Kwale swig

Die wetenskap het nou uitgevind dat sodra 'n besmette liggaamsdeel skoon-gemaak word van sy gif of onsuiverhede, die siekte verdwyn. Deur die toepassing van ons wetenskaplike metodes het dit nou 'n maklike taak geword.

Dit maak nie saak hoe ernstig of aanhoudend u kwaal is nie — selfs al is dit as chronies of ongeneeslik bestempel. Daar is hoop vir u. Geen medisyne of oefeninge benodig nie. U sal onder geen verpligting staan nie. Skryf aan ons en verstreke volledige besonderhede in verband met u kwaal.

THE SCIENTIFIC  
HEALTH INSTITUTE  
Posbus 1336 — KAAPSTAD

**WEES BESKERM!**  
INBRAAK-Assuransie by—  
**SANTAM**  
SUID-AFRIKAANSE NASIONALE  
TRUST EN ASSURANSIE MPY., BPK.  
Takke dwarsdeur die Unie.

van grond en geboue deur Asiate raak, sal sodanige wetgewing van terugwerkende krag wees vanaf 16 September 1948.

Asiate wat grond na hierdie datum aankoop is gewaarsku dat sodanige transaksies as ongeldig verklaar kan word as dit in botsing is met die bepalinge van die wetsontwerp. Asiate wat grond voor hierdie datum gekoop het, maar waarvan die transaksies nog nie afgehandel is en by die registrateur van aktes geregistreer is nie, moet dit binne twee maande rapporteer anders sal dit beskou word dat die grond na 16 September 1948 aangekoop is.

## RADIOTRONICS

(A. Perold en P. Brink)

Vir herstel en koop van

ELEKTRIESE APPARAAT

(Onderneem ook yskasherstelwerk, ankerontwikkeling en lê van kables in huise en fabriek)

Hoofstraat BELLVILLE  
Foon 97-9114.

## WAPENS EN AMMUNISIE

van alle soorte  
Groot voorraad .22-Gewere

Manie de Villiers,  
Plaza-Toiletsalon,

Voortrekkerweg 102A - PAROW  
Telefoon 98-9161 28/8/TK

## PLUIMVEE

Die Beste Firma om u PLUIMVEE  
EIEKS en ander PRODUKTE aan  
te stuur is:

C. M. ELOFF EN KIE  
(Edms.) Bpk  
MOREMARK (Posbus 7185) Newton

## KOM VIER FEES! GROOT LENTE-FEES

by MNR. A. M. MOSTERT

op 2 OKTOBER 1948

RIETBULT — BALFOUR, TRANSVAAL

KOM KYK HOE WORD 'N HELE OS GEBRAAI!

KOM EET HOM OP!

KOM WEN 'N FRIESVERS!

Skaapvleis, beesvleis en al die ander lekkernye volop.

GROOT VERKEIDENHEID VAN  
VERMAAKLIKHEDE!

VLEIETUIGRITTE WORD GEREËL

KOM! BOERE! KOM!!

1/9/4

Probeer die nuwe  
**SPRINGBOK-  
Medium**



OOK IN 10's EN 50's MET OF SONDER KURK

## TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:

**Huishoudelike Kennisgewings:**  
(Verloving, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 3/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**

Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.  
**Intekengeld op „Die O.B.” (verskyn weekliks):** 12/6 per jaar of 6/6 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.

**HUWELIK**

**JOUBERT-MARÉ.** — Die huweliksbevestiging van Steven, seun van dr. en mev. W. A. Joubert, Stellenbosch, en Hanna, dogter van mnr. en mev. M. H. Maré, Klipfontein, Somerset-Oos, vind (D.V.) plaas in die Ned. Ger. Kerk te Somerset-Oos op Saterdag, 25 September 1948, om 3.30 nm. P.K. Klipfontein. 22/9/1B

**DOODBERIG**

**GILLOMEE.** — Van ons weggegaan na sy hemelse woning op 9 September 1948, ons eggenoot en vader Johannes Matthys (John) in die ouderdom van 56 jaar en 3 maande. Mooi herinneringe sal met ons bly. Diep betreur deur sy eggenote en kinders, Barrydale. 22/9/1B

**GILLOMEE.** — Sag heengegaan op 9 September 1948 ons getroue Kamerad John Gillomee. Rus in Vrede. O.B.-kommando, Barrydale. 22/9/1B

**THERON.** — Op 26 Augustus 1948 is deur die dood van ons weggegaan ons dierbare eggenoot en vader, Johan George, in die ouderdom van 67 jaar 5 maande.

Ons swyg, O Heer — dit was u wil.  
Sy verlangde eggenote en kinders, Gong Gong, Barkly-Wes. 22/9/1B

**IN MEMORIAM**

**LAUBSCHER.** — In liefdevolle herinnering aan ons dierbare moeder heengegaan op 16 September 1947. Die steeds aandenkende kinders Hannes, Magriet en klein dogter Linda. 22/9/1

**BENODIG**

**FLUKSE PLAASVOORMAN** vir gemengde boerdery (hoofsaaklik mielies). Woonhuis beskikbaar. Voorwaardes kan gereël word. — H. W. van der Walt, Uitschot, Pos. Vermaas, Lichtenburg. 22/9/1

**TE HUUR**

**'N KAMER** vir twee Afrikanerseuns kan onmiddellik gehuur word. Besonderhede: J. P. Erasmus, Tweedelaan 77, Parow. 22/9/1

**BOME, PLANTE EN SAAD**

**Goewermentsgesertifiseerde Groentesaad:** Chantenay Wortels, 10/-; Detroit Beet, 5/6; Skorsies: Klein Gem. 8/-; Lang Wit Bos, 8/6; Hubbard Groen, 8/6; Pastepapontjie, 8/-; Tom Watson en Wonder Waatlemoen, 12/-; Blaarsaal, 17/6; Marlobe Tamatie-saad, 35/-; Sulderkruis en Reliance Blomkool, 16/-; Spitzkopkool, 8/- per pond. Posvry. K.M.B. — **PREMIERS, P.K. Schoemanshoek.**

**PATATRANKE.** — Sesmaande 83 lb., 7/-; 3-maande 83 lb., 8/-; sesmaande toppe, 8/- per 1.000; steggies reg vir plant. Ses- en driemaande Borrie, 6/- per 1.000. Gelewer Serpentine. K.M.B. Tevredenheid gewaarborg. — **B. H. GERBER (C./sn.), P.K. Hoekwil, George.** 28/7/TK

**VARS GESERTIFISEERDE GROENTESAAD:** Chantenay Wortel, Detroit en Egiptiese Plat Beet, 7/6 lb.; Tom Watson Wonder Waatlemoen, 9/6; Hubbard en Langwit Bospampoen, 9/-; Greenfeast Saaderte (minimum 5 lb.), 1/- lb.; Beauty Tamatie, 30/- lb.; 9/- 1/4 lb.; Vroeë Kaapse Plat Uie, 9/- lb. Unie Posvry. — **Kango Saadkwekers, Posbus 107, Oudtshoorn.** 8/9/TK

**GEMENG****VAN'S CONCRETE PRODUCTS**

**ALLERLEI** — Waterspoel-rioolstelsels, vloerteëls en gepolitoerde terras-kombuisopwastafels en artikels essensieel vir gerief, higiëne en netheid. Volle besonderhede skrywe: — **VAN'S CONCRETE PRODUCTS (EDMS.) BPK.,** Potgieterstraat 258, Pretoria. 3/12/TK

**MEUBELS**

**MEUBELS.** — Beter meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, diewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. — **VISSER-MEUBELS, Langstraat 291, Kaapstad.** 3/12/11

**RADIO**

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteits-aannemers. Foon 9-8435.

Vir die beste en duidelikste luidsprekerdienste op enige plek, asook vir versterkers, luidsprekers, mikrofone en parte — groot en kleinhandel — skryf aan: **P. D. SMUTS RADIO (EENS.) BPK.,** Hoofstraat 287, Paarl. Foon 755. 15/9/48

**TE KOOP**

**„ATLAS”** — vragmotorbakke, sleepwaens, druiwebakke, ens., gebou na u bestelling; asook die verpakking van meubels, oprigting van kantoorrakke en -afskotings; die bou van houthuise („bungalows”). In kort, enige soort houtwerk word onderneem en uitgevoer deur 'n deskundige vakman. — Raadpleeg **NICK NEETHLING, Lady Greystraat, Paarl.** Foon 1253.

Elektriese Stof (Excel) in goeie toestand. Minder as 'n jaar gebruik. Te klein gevind vir huisgesin. — **J. P. Erasmus, Tweedelaan 77, Parow.** 22/9/1

**250 MERINO-OÖIE** met 6-maande wol. Goeie kwaliteit. Sal aanbod van £2/5/- of hoër aanvaar. — **H. W. van der Walt, Uitschot, Pos. Vermaas, Lichtenburg.** 22/9/1

**SOUT.** — Brandwagte, ek vra u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. A.1, 80/-; sneeuwit no. 1, 70/-; wit no. 2, 60/-, per ton vry gelaai soutwerke. Adres: **Komde mevr. Martie Venter, Possak no. 4, Arbeidsloot, Bloemfontein.** 25/8/TK

**STEENMAAKMASJENE.** — „Kleine Wonder” vir die maak van standaard grootte sementstene van 9 dm. x 4 5/16 dm. x 3 dm. teen £30, of £20 sonder voetstuk. Luukse modelle teen £5 ekstra. V.o.s. Hopefieldstasie. Handelsnavrae word verwelkom. Om besonderhede en illustrasies skryf aan: **Kleine Wonder Steenmasjens (S.A.) Agentskappe, Posbus 18, Hopefield, K.P.** 18/8/T.K.

Speelakele, bottelvorm teen 3/9; kopskeie 4/6; agtkantig 5/-; dubbelkop 5/6; een paar mullingswings teen 5/6; een trekdonkie 5/-. — **Koos Botha, P.S. Serpentine, Dist. George.** 4/8/8.

Vir elektriese- en paraffin-koelkaste; paraffin-, kool- en elektriese stowe; elektriese- en petrol-waasmassjens; stofsuikers en politoeders, meubels, draadlose, ens. raadpleeg of skryf aan **ELEKTRON-KONTRAKTEURS, Keeromstraat 18, Kaapstad.** 18/8/T.K.

Vir die raam van prente teen billike pryse. Ook raamhout („mouldings”) per 100 voet word te koop aangebied. Slegs beste houtsoort word gebruik. Skryf aan: **Posbestellings, p/a mnr. H. van Zyl, Fichatstraat, Knysna, K.P.** 22/9/1

**„Problem White” se Apartheidstorie**

'n Maleier het in 'n gesprek aan 'n blanke in Kaapstad gesê dat dit nie soseer die apartheidsmatreëls is wat lastig is nie as die „problem Whites”. Een so 'n „Problem White” het die gewoonte om aan die nie-blankes uit Die Burger voor te lees watter verskrikkinge vir hulle wag van die kant van die regering. In verband met die matreëls oor segregasie „lees” hy toe ook onder andere voor dat die regering 'n verbod gaan uitvaardig teen die dra van boordjies en dassie deur nie-blankes. 'n Jong Gamat, wat die verskrikkinge ook gestaan en aanluister het, se kommentaar hierop was: „Dan sal ek maar moet soesaaid kommit, want ek kan tog nie sonder 'n das gaan vry nie.”

• **Hulle wat in ons blad adverteer, het die eerste aanspraak op ons geld!**

**HET OORSPRONKLIKE STUK VERWYDER**

Die Minister van Justisie, adv. C. R. Swart, het die afgelope week meer inligting verstrek omtrent die dokumente wat mnr. Harry Lawrence in sy besit gehou het en wat, na verneem word, betrekking het op die poging van die vorige regering om leiers van die Ossewabrandwag te vervolg. Hierdie dokumente was nie in die kantoor toe die nuwe regering oorgeneem het nie.

Die terugbesorgde dokumente Die Minister het verklaar dat hy oor inligting beskik dat daar nog van die geheime dokumente, waaronder dié wat betrekking het op oorlogsvervolg, uit die staatskantore vermis word.

**Tandtrek Laat Hom Sy Geheue Herwin**

'n Britse soldaat, Wallace, wat gedurende die oorlog sy geheue verloor het en niks van sy verlede kon onthou nie, het onlangs sy geheue herwin terwyl 'n tandarts besig was om een van sy tande te trek. Wallace, wat intussen onder die naam van Crisp gegaan het omdat hy nie eers sy eie naam kon onthou nie, is die afgelope drie jaar aan 'n inrigting behandel, maar daar kon niks vir hom gedoen word nie. Toe hy egter onlangs sy tand laat trek, het hy skielik die naam van 'n tandarts wat voorheen 'n tand van hom getrek het, se naam genoem. Dit was die begin van sy herstel. Die tandarts het dadelik met sy kollega in verbinding getree en „Crisp” is uitgeken as Wallace. Nadat hy weer normaal kon dink en sy verlede begin onthou het, is hy na Leeds waar sy vrou woon. Sy wou egter niks met hom te doen hê nie. Dit het hom toe bygeval dat hy 'n paar maande voordat hy oorlogtoe is wetlik van haar geskei het.

**Sprokiesagtige Figuur Gee Oor aan Indië**

Die Nizam van Haiderabad, wie se land na 'n oorlog van vyf dae die knie voor Indië moes buig, was die laaste van die groot alleenheersende Indiese vorste wat oorgebly het.

Hierdie 63-jarige Mohammedaan word beskryf „as die rykste man ter wêreld” wat self nie weet hoe ryk hy is nie. Maar niteenstaande hierdie rykdom, het hy gedurende al die jare van sy bewind 'n eenvoudige lewe gely en min geld op homself spandeer hoewel hy nie teruggedrewe het om groot beïrae uit sy eie inkomste van £7 miljoen per jaar ter bevordering van sy land en volk te bestee nie.

Haiderabad het 'n geskiedenis wat terug dateer uit die jaar 1742 toe dit sy onafhanklikheid gekry het, en is nou verbonde aan die Britse bedrywighede in Indië. Die gebied, wat soos 'n eiland in Indië lê, is 82,000 vierkante myl groot en is seker een van die rykste state in die Indiese vasteland. Vergelykenderwys is hy so groot soos die hele Brittanje en het 'n bevolking van 17,000,000 van wie die meeste Hindoes is.

**BOEREJEUG:**

(Vervolg van bls. 7 kol. 5)  
3 groot koppies suiker  
1 pakkie wynsteensuur (Tartaric Acid)  
3 groot koppies kookwater.

**Metode:**

1. Roer goed deurmekaar tot alles gesmelt of opgelos is.
2. Laat afkoel in 'n emalje kastrol.
3. Bottel en kurk toe.
4. Skink net 'n bietjie in 'n koppie en vul op met water.

**Variasies:** Op dieselfde manier kan ons nou ander vrugtedranke maak. Vir 'n grenadella-drink neem ons bv. die sap en pitte van 6 grenadellas. Vir 'n pynappeldrank is 'n halwe pynappel (gerasper) tesame met 'n paar stukkie van die skil genoeg. Maar dis natuurlik beter om sommer 'n hele paar bottels koeldrank op 'n keer te maak — julle sal bepaald nie daarmee opgeskeep wees nie!

**VERLIGTE DESPOOT**

Die Nizam word beskryf as 'n verligte despoot wat sy geld en energie in belang van die ontwikkeling van sy land en volk bestee het. Hospitale en skole het hy op eie onkoste opgerig en besproeiingswerke is goed ontwikkel. In die groot riviere is daar honderde damme waarvan een alleen £3,000,000 gekos het.

Die land beskik oor groot minerale rykdomme soos goud, grafiet, steenkool, kalk ens. en kry 'n groot deel van sy inkomste uit hout wat uitgevoer word.

Van die Nizam word vertel dat hy nog nooit probeer vastel het hoe ryk hy werklik is nie. In sy kelders is daar sakke en sakke edelgesteentes en volgens skatting bedra hierdie rykdom van hom 'n paar honderd miljoen pond. Sy opgehoopde goud alleen bedra glo on£100,000,000 terwyl hy meer diamante as enige ander persoon ter wêreld het. Onder hierdie diamante is daar een van 277 karaat. Sy skatte word bewaak deur 1,200 soldate.

**GELEERD**

Hy leef eenvoudig, eet eenvoudige voedsel en dra gewone klere, terwyl sy woonvertrekke nie swierig gemeubileer is nie. Hy het 'n goeie opvoeding gehad en beskik oor 'n uitstekende verstand. Hy was nog nooit buite die grense van Indië nie, maar het aan die voete van die mees bekwame leermeesters van die wêreld gesit. Sedert 1911 was hy die alleenheerser van die gebied toe hy op 25-jarige ouderdom die bewind aanvaar het. Hy het 'n vaste gewoonte om elke middag om

'n F-86 spuitaangedrewe jagvliegtuig van die Verenigde State het die afgelope week die snelheid van klank oorskry.

**„SPRINGBOK-LEGION” EN DEMOKRASIE**

Die regering is nie bereid om die „Springbok Legion” as 'n organisasie van oud-soldate te erken nie, het die Minister van Volkswelsyn in die volksraad verklaar. Die organisasie se konstitusie maak voorsiening vir politieke optrede en daar is bewys dat die „Legion” in die politiek opgetree het.

In 'n verklaring aan die pers sê die „Springbok Legion” dat hy met sy stryd in belang van

die demokrasie, waarvoor die soldate geveg het, sal voortgaan of hy erken word of nie.

Die Legion het in sy antwoord ongelukkig nagelaat om te sê of dit die Russiese „demokrasie” of die Westerse demokrasie is waarvoor hy hom beywer — vir altwee hierdie opvattinge het die Suid-Afrikaanse soldate geveg, en waarnemers meen dat die Legion veral die Russiese demokrasie in gedagte het.

**Het U Al 'n Intekenaar Gewerf?****VUL ASSEBLIEF HIER IN**

Die Bestuurder,  
Voorslag (Edms.) Bpk.,  
Posbus 1411,  
KAAPSTAD.

Waarde Heer,

Neem asseblief my naam op as intekenaar op Die O.B. tot ek u in kennis stel om toesending te staak. Hierby ingesluit vind u die bedrag van..... vir die eerste.....maande.

NAAM: .....  
(Naam en Adres in Blokletters)

POSADRES: .....  
.....  
.....

Handtekening.

Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/6 per halfjaar.  
Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.

# Boere Jeug

AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 22 SEPTEMBER 1948

## ARBEIDSDIENS TUIN-AANLEG

(Deur Ria)

Landsdiens vorm 'n onderafdeling van arbeidsdiens, en tuinbou weer 'n spesiale aspek van landsdiens. Ons sien dan ook graag dat Boere-seuns en -dogters belangstel in tuinmaak, want sodoende is hul nie alleen besig met 'n nuttige en geestesverrykende stokperdjie nie, maar kweek ook 'n liefde aan vir die grond wat die band met ons eie Suid-Afrikaanse bodem nog hechter maak.

In hierdie en die volgende paar uitgawes plaas ons dus iets oor tuinaanleg en hoop dat dit menigeen sal aanspoor om self met 'n eie tuintjie te begin.

Streng geneem is 'n tuin nie 'n noodsaaklikheid nie. 'n Mens kan mos groente op die mark, by die groenteboer, of selfs by die „Semmie” koop. Ja, natuurlik moet 'n mens groente hê. Dis 'n lewensnoodsaaklikheid. Maar 'n mens moet of het nie nodig om dit self te kweek nie. Tyd en grond mag ontbreek, maar wat altyd werklik ontbreek, is die lus, energie, moed, deursettingsvermoë en persoonlike trots om self iets te produseer, afgesien van die ekonomiese voordele daarvan.

### VERSIER

En Blomme? Wel dié kan mos maklik gekoop word — al is dit ten duurste by die koeliewaentjies langs die straat. Buiteh-dien, blomme is mos nie 'n noodsaaklikheid nie! Hulle dien maar net om die vertrek waar-in hulle is te versier, veral vir besoekers. As ons nie besoekers ontvang nie sou ons sekerlik nie vir onself blomme koop nie. Watter plesier kan dit nou verskaf om na 'n paar blomme te kyk! Die geld kan beter op kosmetiese beuselagtighede gebruik word of desnoods gespaar word vir die warm bioskoop waar 'n mens altyd van die begin tot end in 'n sielsverheffende atmosfeer na die uitlewing van die hoogste en skoonste lewens-ideale kan kyk!!

Wil ons tog 'n tuin aanlê, as ons miskien 'n paar sjelings vir die doel tot ons beskikking het, huur dan maar 'n jong, laat hom maar die grond omwerk. Ja, maar deskundiges beweer dat daar kunsmis in die grond moet kom... 'n paar koerant advertensies of selfs ooglopende plakate verseker mens dat „X”-Kunsmis absoluut asof met 'n toorstok, enige plant wonderlik laat groei! Koop maar daarvan. Gebruiksaanwysings pryk selde op so 'n kunsmis-pakkie, maar gooi maar so na gedagte in — dit sal wel groei, of liefs, dit moet mos welig groei!!

### VERKOOP

Moenie saad saai nie, koop maar die plantjies. Die jong kan dit maar plant. Ja, maar watter soort plantjies nou eintlik? Dit kom nie daarop aan nie... kyk maar net wat daar te kry is of watter soort is volop. Hierdie plantjies kan op die mark in pakkies of by die bloemiste ten duurste gekoop word. Gee die plantjies aan die jong, laat hy dit maar insteek! Raas elke keer met hom as jy vergeet het dat die arme plantjies water nodig het om te groei.

En daar het jy 'n tuin!!!

Sal dit so 'n tuintjie vorm waarin jy belangstel? Een waarop jy trots is dat dit jou eie handewerk is? Sal dit werklik dien as versiering van jou woning en die verhoging van die skoonheid van jou omgewing?

'n Groot skrywer het sy opstel oor 'n tuin só begin: „God het 'n Tuin geplant”. Dit is 'n groot waarheid — 'n tuin is 'n noodsaaklikheid. Ons groot Meester het dit so bepaal! Die selfkweeking van plante verhoog onbewus die waarde en genot van blomme. Afgesien van die nuttige fisiese oefeninge wat tuinbou verskaf, vereis dit ook deeglike kennis en geestelike inspanning wat ryklik beloon word.

'n Tuin kan dus in hoofsaak een van die volgende doeleindes dien:

1. As versiering van die woning.

2. 'n Versameling van 'n verskeidenheid van plante om die genot van die blomme self.

3. As 'n bron inkomste.

Ons gaan nie 'n tuin bespreek as 'n bron van inkomste nie maar alleen as 'n noodsaaklike versiering.

(Word vervolg)

## Wie Kan Sê?

1. Watter minster was 'n paar weke gelede in 'n motor-ongeluk betrokke?

2. Wie is onlangs aangestel as hoof van die Suid-Afrikaanse Radioraad?

3. Wie was ons veelsydigste letterkundige?

4. Tot watter nut dien ons inheemse aalwee plant, afgesien van die pragtige vertoning wat dit gee?

5. Waarvoor is John Bunyan in hegtenis geneem? (Die skrywer van die bekende „Pilgrim se reis na die Ewigheid”).

6. Waar kom die naam koper vandaan?

7. Hoe word die blommetjies van die akkerboom bestuif?

8. Waar is die bekende Herrieklip, uitgegrawe deur C. J. Langenhoven?

9. Waar kry Swellendam sy naam?

10. Wat is die belangrikste botaniese verskil tussen 'n melie en 'n boontjie?

(Antwoorde elders op die bladsy)

## GENERAAL CHRISTIAAN FREDERIK BEYERS

23 September 1869 — 8 Desember 1914

Generaal Beyers kan as een van die Oktoberhelde beskou word, nie net omdat ons sy verjaardag op 23 September herdenk nie, maar ook omdat hy in een asem genoem kan word met manne soos Christiaan de Wet, Louis Botha, Piet Joubert, De la Rey, en andere.

Sy tragiese uiteinde op 8 Desember 1914 in die Vaalrivier, het 'n diepe indruk op sy volk gemaak, maar was miskien ook die rede waarom 'n gedeelte van die volk hom enigsins op die agtergrond geskuiwe en vergeet het. Ons wat ook die stryd ken wat hy moes stry en sy lewe voorgegee het, sal sy nagedagtenis egter altyd in ere hou.

As boere-seun het Christiaan Frederik Beyers opgegroeë op 'n plaas naby Stellenbosch en daar ook 'n goeie opleiding ontvang. In 1889 is hy na Transvaal waar hy later sy eie wetspraktyk geopen en in 1896 met Mathilda König getroud is.

Sy deelname aan die Jameson-inval het aan hom volle burger-reg besorg, en met die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog is hy ook dadelik na die front. Die onbekwaamheid van baie van die offisiere en die losbandige gees wat onder baie van die burgers geheers het, het hom baie gehinder, en afskoon nog maar 'n asst.-veldkornet, het hy heftig aangedring op reorganisasie van die krygsmagte.

### ASSISTENT-KOMMANDANT- GENERAAL

Hy het homself tot so 'n mate as 'n begaafde militêre leier onderskei in die geveg teen Lord Roberts naby Johannesburg, dat Generaal Botha hom aangestel het as Asst.-Kommandant-Generaal oor die kommando's in Noord-Transvaal, 'n betrekking wat hy op bekwaame en waardige wyse beklee het. Hy het spoedig die naam verwerf van „die Christen krygsman” — nie omdat die ander leiers onverskillig was nie, maar omdat hy besonder streng en vasberade was, gereorganiseer het waar dit nodig geblyk het, en nooit die goddiens op kommando verwaarloos het nie.

### VAALRIVIER

Na 1902 het Generaal Beyers ook 'n leidende rol gespeel in die verdere politieke verwikkelings. Hy was lid van die eerste Unie-parlement en is in 1912 aangestel as Kommandant-Generaal van die eerste Unie-verdedigingsmag. Met die toetrede van Suid-Afrika tot die Eerste Wêreld-oorlog en die inval in Suid-Wes-Afrika, het hy

## VIR DIE DOGTERS:

## LEKKERNYE VIR DIE VAKANSIE

Ja, die vakansie is op hande en ons sal weer kantoorklerke en winkelmense hoor sê: „Dis darem lekker om skool te gaan of onderwyser te wees!” Miskien is dit waar, maar onthou dat mens slegs 'n vakansie behoortlik kan geniet en waardeer as jy dit verdien — hoe moeiliker en voller die kwartaal was, hoe lekkerder die rus van die vakansie. As almal weer tuis is, en miskien ook 'n paar gaste, sal heerlike gesellige etes en snoep-rye veel hydra om die sterming te veraangenaam. Kom ons as Boeredogters span ons ook 'n bietjie ekstra in en neem meer van Moeder se werk uit haar hande.

Mens besef nie altyd hoe sonder end 'n huisvrou se werk is nie, maar as jy niks te doen het nie en maar telkens vir ete, tee, of koffie geroep word, kry jy enigsins 'n idee daarvan. Wel, die huismense is glad nie tevrede met 'n kale koppie tee nie — ons sal moet oorgehaal wees met 'n paar blikke koekies en beskuit. Vir laasgenoemde sal Moeder seker liever self wil sorg, maar die koekbakker kan julle gemaklik uit haar hande neem met hierdie maklike resepte, die een vir klein koekies en die ander vir 'n groot koek:

### KLEIN KOEKIES

#### Benodigdhede:

- ½ lb. botter
- ½ lb. vet
- 2 K. suiker
- 1 lb. meel
- 1 lb. mielieblom
- bieltjie sout
- bieltjie melk
- vanilla
- 2 geklopte eiers
- 2 t. bakpoeier.

#### Metode:

1. Smelt botter, vet en suiker baie goed.
2. Laat effens afkoel (nie te veel nie!)
3. Sif die meel, mielieblom (maizena) en sout in.
4. Voeg eiers en vanilla by en laaste die bakpoeier.
5. Maak aan met melk tot 'n goeie bestandheid, d.w.s. taamlik styf.
6. Rol uit en druk af, of rol in bolletjies en druk dan plat met 'n vleishamer.
7. Sit koekies aanmekaar met konfyt of enige ander vuysel.

### GROOT DADELKOEK

#### Benodigdhede:

- 2 eiers
- ½ K. sagte botter
- ½ K. melk
- 1½ K. meelblom
- 1½ K. bruin suiker
- 1½ lb. dadels
- 3 t. bakpoeier
- ½ t. neut
- ½ t. kaneel.

#### Metode:

1. Plaas al die bestanddele saam in die mengbak en roer vir 3 minute.
  2. Sit in 'n gesmeerde pan en bak vir 40 minute in 'n matige oond.
- 'N TERT is net so maklik en 'n goeie afwisseling vir Sondagmiddag. Probeer gerus hierdie een. (Onthou as ons 'n blikkie kondensmelk wil karameliseer dan hou ons dit net vir 2—2½ uur in kokende water en laat dan afkoel).

#### Benodigdhede:

- 1 blikkie gekarameliseerde kondensmelk
- 2 eiers
- 1 E. gesmelte botter
- 1 suurlemoen
- Marie beskuitjies vir die tertkors (of 'n gewone gebakte tertkors)
- 2 E. suiker
- (Kleursel).

#### Metode:

1. Meng die blikkie gekarameliseerde melk met die geklopte eiergele, gesmelte botter, en sap en skil van die suurlemoen.
2. Voer die bord uit met die Marie beskuitjies-kors of 'n gewone gebakte kors, en sit die vuysel in.
3. Klop die eierwitte baie styf en voeg die suiker by. Indien verkies, kleur dit 'n ligte tint met die kleursel. Versier dan die tert daarmee.
4. Steek 'n rukkietjie in die oond tot 'n mooi ligbruin.

Maar nou dat die dae weer langer en warmer word, sal 'n paar bottels koeldrank beslis nie verniet op die spensrak staan nie! In 'n baie kort tydjie kan ons net sulke lekker koeldranke maak as wat die winkel aanbied en teen baie min koste. Hierdie reseppie verg ook geen langdurige kokery nie — dis dus ook nie aan te beveel om dit langer as sê twee weke te hou voor gebruik nie, maar ek glo nie daar bestaan veel gevaar voor dat dit sal gebeur nie — veral nie in die vakansie nie!

### MAKLIKE LEMOENDRANK

(maak een goeie bottel vol)

#### Benodigdhede:

- Die sap van 3 groot lemoene (of tot ses kleintjies)
- Die gerasperde skil van een van die lemoene,
- (Vervolg op bls. 6 kol. 2)

## Antwoorde op „Wie Kan Sê”?

1. Paul Sauer, Minister van Vervoer.
2. Gideon Roos.
3. C. J. Langenhoven.
4. Vir die maak van medisyne.
5. Preek sonder lisensie.
6. Van die Latyn vir Cyprus, waar 'baie koper gevind is.
7. Deur die wind.
8. In die Meiringspoort.
9. Van Goewerneur Hendrik Swellengrebel en sy vrou wie se nooiensvan Damme was.
10. 'n Melie is eensaadlobbig en 'n boontjie tweesaadlobbig.

## Jode Vermoor Vredemaker

Massa-arrestasies het die afgelope naweek in Palestina gevolg na aanleiding van die sluipmoord op graaf Bernadotte, die vredemaker van die V.V.O. in Palestina, volgens Sapa-Reuter-U.P. berig.

Bernadotte is verlede week in die Joodse buurt van Jerusalem vermoor deur persone wat op 'n Jeep weggejaag het. Die sluipmoord is dwars deur die wêreld in sterk taal veroordeel.

Onder die reeds meer as 200 persone wat in hegtenis geneem is, is daar vooraanstaande leiers van die Sternbende, die terroristiese Joodse organisasie in Palestina. 'n Ander terroristiese organisasie, die Vaderlandse Front, het die naweek erken dat sy lede vir die sluipmoord verantwoordelik is. Hierdie groep is glo 'n ekstremistiese stigting van die reeds ekstremistiese Sternbende wat al tientalle lewens op sy kerfstok het in die vorm van sluipmoorde. As motief vir die daad word genoem dat Bernadotte partydig vir die Arabiere sou gewees het deur Jerusalem aan laasgenoemde te wou toeken.

Majgenl. A. Lundstroem volg graaf Bernadotte voorlopig op. Hy was voorheen stafhoof van die oorledene.

## VROU VAN PRETORIA



'n O.B.-vrouekoor van 35 lede het die groot verhoor vergas op die sing van „Oranje Blou” by geleentheid van die fees te Pretoria en het gestaan onder die bekwaame leiding van mnr. Steyn. Regs sit die K.G., dr. Hans van Rensburg, en ds. H. V. R. Kruger.

## SETEL GEVAT DEUR SAMEWERKING

Die O.B.-kommando van Carnarvon het Vrydagmiddag, 10 September, 'n baie geslaagde funksie gehou in die Gedenksaal. Die ywerige O.B.-vroue

het die basaartafels volgepak met heerlike versnaperinge en die publiek, O.B.-lede sowel as lede van politieke partye, het dit fluks weggekoop. 'n Welwillende gees van samewerking het geheers.

In die aand het genl. W. R. Laubscher, voorligtingsoffisier van die O.B., 'n openbare vergadering in die saal toegesprek. Hoofgenl. Reenen de Villiers was in die stoel en op die verhoog het plaasgeneem komdt. Gert Cloete en mnr. C. F. Naudé, distriksleier van die H.N.P.

### OOREENKOMS

Genl. Laubscher het sy blydschap uitgespreek oor die saamwerk-ooreenkoms wat voor die algemene verkiesing op Carnarvon aangegaan is tussen die plaaslike offisiere van die O.B. en mnr. Naudé namens die H.N.P. As gevolg van hierdie ooreenkoms, het spreker verklaar, het meer as honderd van die O.B.-kiesers van Carnarvon na die stembus gegaan en die deurslag gegee ten gunste van die H.N.P.-kandidaat wat die setel met vier-en-twintig stemme verower het.

As gevolg van daardie ooreenkoms sit die plaaslike H.N.P.-leier vanaand op 'n O.B.-verhoog en werk O.B.-lede en H.N.P.-lede ook hartlik saam ten opsigte van die plaaslike liggaam.

Genl. Laubscher het die taak van die O.B. helder uiteengesit en oortuigend aangetoon hoedat dit die rol van die O.B. is om Afrikaneroorwinnings te konsolideer. Spreker het 'n hele aantal vrae bevredigend beantwoord.

Na afloop van die vergadering het die Afrikanerparty-tak 'n reorganisasie-vergadering gehou, waarop mnr. S. J. Latsky tot voorsitter gekies is. —(Korr.)

## Hier Verkeerd Daar Reg

Met die aankoms van adv. Eric Louw in Brittanje op pad na die V.V.O., het die Indiërs in Londen 'n betoging in die strate gehou waarin hulle geëis het dat Suid-Afrika paspoorte moet uitreik aan die Indiese leiers in Suid-Afrika wat die afgevaardigdes van Indië en Pakistan wil „inlig” oor Suid-Afrika.

Terwyl hierdie Indiërs betoog het, is daar berig dat die Indiese regering geweier het om geriewe tot die beskikking van Haiderabad se ministers te stel sodat hul hul staat se standpunt by die vergadering van die Veiligheidsraad van die V.V.O. kon verduidelik. Indië se permanente verteenwoordiger by die V.V.O., dr. P. P. Pillai, het in hierdie verband verklaar dat die kwessie van Haiderabad 'n bloot huishoudelike aangeleentheid is.

Dit sal interessant wees om te weet hoe Indië sy aanklag teen die Unie sal kan rym met sy optrede teenoor Haiderabad en sy ministers!

## Kommuniste Verloor In Swede

Die Sosiale Demokrate in Swede het die afgelope naweek 'n meerderheid in die parlement behaal deur 112 setels te verower. Dit is net drie minder as in 1944, berig Sapa-Reuter. Die uitslag van die verkiesing was vir die Kommuniste ontmoedigend. Hulle het ses setels verloor sodat hulle tans net nege setels het.

## Die Pad Na Die Tronk - - -

„'n Regter se onthby en sy vrou het baie te doen met die lengte van 'n vonnis,” het die Bostonse burgemeester, James Curley, gesê by geleentheid van 'n kongres. Curley het daaraan bygevoeg dat hy sy navorsing gedoen het solank hy agter die tralies was vir 'n veroordeling weens bedrog. In die verbeteringshuis het hy baie geleer. „As 'n regter 'n goeie onthby gehad het en op goeie voet met sy vrou verkeer, sal 'n beskuldigde een of drie maande kry, maar as hy nukkerig van sy huis af kom, sal die vonnis enigiets tussen drie en vyf jaar wees.”

## Britte Eis Sy Pond Vleis

Die Britse onderminister van buitelandse sake het die Laerhuis gister meegedeel dat Brittanje en Frankryk geweier het om gehoor te gee aan die Amerikaanse versoek dat die Duitse herstelbetalings verminder moet word, na Sapa-Reuter uit Londen berig.

Onderhandelings duur voort.

# Brittanje Berei Voor Vir Oorlog : Ryk Moet Help

Hoewel die moontlikheid van oorlog vir geruime tyd al op die lippe van die gewone man is, wil dit voorkom of die staatsmanne, wat maar nie graag wou erken dat hul geweldige oorlogspoging van die afgelope jare tevergeefs was nie, nou self begin reg maak vir Wêreldoorlog nommer drie.

In opvolging van die Amerikaanse versoek aan Frankryk om deel van sy Marshall-hulp aan te wend vir die vervaardiging en aankoop van wapens — terwyl dit voorheen juis 'n voorwaarde was om dit nie te doen nie — het die Britse adjunk-premier, Herbert Morrison, verlede week in die laerhuis aangekondig dat alle verdere demobilisasie in Brittanje gestaak sal word vir 'n bepaalde tydperk. Manne wat uit die leër ontslaan moes word, sal nou nog drie maande moet aanbly. Tegelyk hiermee word 'n nuwe werwingsveldtog geloods vir mannekrag vir die leër.

Die Britse pers was heelwat begaan oor hierdie aankondiging — hoewel die noodsaaklikheid van die stap erken word — omdat dit beteken dat mannekrag vir die nywerhede nou deur die

leër opgeslurp word op 'n tyd-stip dat Brittanje 'n stryd tot die dood toe voer teen armoede.

### RYK MOET HELP

In samehang met hierdie vraagstuk pleit die Britse pers nou vir groter gebruikmaking van die Statebond se militêre vermoë. 'n Blad soos die Observer wys by voorbeeld daarop dat Brittanje nie meer in staat is om die verdediging van sy Ryk waar te neem nie, en selfs nie om die verbindings tussende die Rykslande in tyd van oorlog oop te hou nie.

„Dit is 'n veel moeiliker taak as wat dit in die verlede was,” verklaar die blad. „Ons kan nie langer op die Middellandse See staat maak as 'n seeweg in oorlogstyd nie en ons het ons vernaamste basisse in die Nabye Ooste verloor. Inderdaad is die taak nou vër bokant Engeland se mag sowel op militêre as op ekonomiese gebied — d.w.s. as hy nie steun van buite kry nie.

### NUWE STELSEL

„Maar ons kan hierdie taak nie onmiddellik laat vaar nie. Ons doel moet wees om 'n nuwe stelsel van Gemenebes-sekuri-teit op te bou. Hierin moet die dominiums en sommige van die koloniale gebiede 'n veel groter rol speel. Dit behoort een van die vernaamste vraagstukke vir die aanstaande imperiale konferensie te wees, maar ons kan nie hoop dat dit maklik opgelos sal kan word nie.”

Die blad wys dan daarop dat die toekomstige betrekkinge tussen Indië en Pakistan en die Gemenebes twyfel wek. „Suid-Afrika is 'n onseker vennoot, en selfs ons betroubaarste bondgenote, Kanada en Australië en Nu-Seeland, is huiwerig om hulle aan enige definitiewe verdedigingsplan te koppel.”

## Dalk Sommer Geskop Tot 'n Republiek

Die tyd sal spoedig aanbreek dat ons nie meer voor die vraag sal staan of ons lid van die Britse Gemenebes wil bly nie, maar of ons mede-Statebondslede ons nog daarin sal wil hê omdat die beleid wat ons volg 'n bedreiging is vir hul veiligheid, skryf Colin Legum in die Cape Times.

Die skrywer maak gebruik van ruimte, wat vir die Arbeids-party afgestaan word, om die regering se kleurbeleid aan te val. Die strewe na apartheid, so betoog hy, sal „ons vriende in die Statebond” in toenemende mate in verleentheid bring.

„Die tyd sal spoedig aanbreek wanneer dit nie meer ons keuse sal wees of ons aan die Statebond wil behoort nie, maar of ons mede-dominiums ons nog daarin wil hê. Dit is 'n ernstige en wesenlike gevaar waaraan nog nie genoeg gedink word nie.”

## „SAL RUSSE HELP”

Australiese Kommuniste sal aar die kant van Rusland veg indien Australië in 'n oorlog betrokke raak, het 'n hoofbestuurslid van die Australiese Kommunistiese Party die afgelope week verklaar.

Dit skyn of die begrip hoogverraad besig is om heelwat van sy betekenis te verloor in hierdie moderne tyd van ideologiese botsings.

## Dokumente Van Republieke In Brittanje

Onderhandelings word tans met die Britse regering gevoer vir die teruggawe van staatsdokumente wat hulle tydens die Engelse oorlog in Suid-Afrika geroof het. Die stukke is van groot historiese waarde en onmisbaar vir die Unie se argiewe.

Die betrokke stukke is geheime dokumente uit die kantoor van die Staatsekretaris in Pretoria, stukke uit die Vrystaatse staatskantoor te velde, stukke uit die kantoor van die Konsul-generaal van die Suid-Afrikaanse Republiek in Duitsland en stukke wat geneem is by die gevangene van genl. Cronje en ander offisiere.

„Die O.B.” word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die elenaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

## ONDERSOEK NA MOEILIKHEID IN VAKBOND

Die regering het besluit om ondersoek te laat instel na die moeilikheid wat daar in die Klerewerksvakbond in Johannesburg ontstaan het, na die Minister van Arbeid, mnr. B. J. Schoeman, Maandag in die Volksraad verklaar het.

Die klerewerke onder leiding van mnr. Gert van der Walt, voormalige onder-voorsitter van die vakbond, het die regering verlede week versoek om in te gryp in die geskil wat daar met die Sachs-bewind ontstaan het deur 'n geheime stemming te

laat hou ten einde vas te stel of die Sachs-bewind nog die vertroue van die werkers het.

Aan die een kant staan tans die groep wat die Sachs-bewind steun en aan die ander kant die wat hom van die bewind wil ontnem. Hulle skaar hulle agter mnr. Van der Walt. Laasgenoemde het reeds dagvaardings ten bedrae van £4,000 ontvang in verband met beweerde lasterlike dinge wat hy in 'n pamflet en op vergaderings sou gesê het teen mnr. Solly Sachs en mej. Anna Scheepers.